

**ALGEMENE KOMMENTAAR:**

1. Die meerderheid vraestelle is op 'n logiese en georganiseerde wyse aangebied.
2. Die meeste kandidate kon 'n verskeidenheid vaardighede aanwend om aan die vereistes van die brongebaseerde vrae te voldoen.
3. Die meeste kandidate het vanjaar 1 opstelvraag en 2 brongebaseerde vrae beantwoord.

**OPSTELVRAE**

4. Die kandidate wat die kriteria in die Standaardgraad-matriks in hulle opstelvrae toegepas het, het goeie resultate behaal. Hierdie kandidate was in staat om:
  - die vraag akkuraat te beantwoord.
  - relevante inhoud te selekteer om die vraag te beantwoord.
  - die toepaslike vlak van historiese analise en verduideliking toe te pas as daarvoor gevra is.
  - die antwoord goed te beplan en struktureer.
5. Dit gebeur steeds dat onderwysers "modelantwoorde" vir leerders voorberei wat lei tot swak resultate omdat die kandidate nie die vraag kan beantwoord nie.
6. Leerders moet ingelig word dat die tydperk Suid-Afrika 1948 tot 1976 verpligtend is.
7. Vrae 1A, 2A en 2B was gewilde vrae.
8. Vrae 1B, 3A en 3B is swak beantwoord.
9. Sommige kandidate het 'n opstel binne 'n tema "gespot" wat lei tot lae punte.
10. Baie kandidate het nie 'n relevante inleiding en gevolgtrekking geskryf nie of 'n swak bewoorde inleiding en gevolgtrekking geskryf.
11. Baie kandidate het die vraag net so as 'n inleiding oorgeskryf.

**BRONGEBASSEERDE VRAE**

12. Die kandidate wat vraag 4 beantwoord het, het gesukkel met die interpretasievrae, maar kon die onttrekking van inligting uit bronne baasraak.
13. Vraag 6 was nie 'n gewilde keuse, maar die kandidate wat dit beantwoord het, het gesukkel met die interpretasie van die vrae, veral vraag 6.1.3 b, c en d.
14. Kandidate kort steeds die vaardigheid om bewyse uit die bronne te haal om 'n effektiewe en georganiseerde paragraaf te skryf. Hulle kan inligting uit die bron onttrek, maar vind dit moeilik om dit met die vraag te verbind. Sommige skryf hulle die bronne net so oor.